

Moenie met jou toekoms dobbel nie



Plagiaat *is* 'n oortreding

Tree met integriteit op Plagiaat en hoe om dit te vermy

Alle lede van die akademiese gemeenskap regoor die wêreld, wat die vakdissipline ook al mag wees, is daartoe verbind om kennis te skep en ontdek en idees vryelik uit te ruil. Hierdie ideaal maak staat op die gemeenskaplike begrip van die gedagte van **akademiese eerlikheid**, wat in sy eenvoudigste vorm beteken dat die uitslag van enige navorsing nooit vervals mag word nie, en dat **volle erkenning** aan ander se bydraes tot ons eie prestasies, gegee word.

Omdat dit so noodsaaklik is om akademiese integriteit te beskerm, moet 'n aantal konvensies gehoorsaam word om te voorkom dat ons onbedoeld 'n ernstige akademiese oortreding begaan.

Oneerlike akademiese optrede is 'n ernstige oortreding, ongeag of dit mondeling, deur optrede of op skrif plaasvind, tydens eksamens of in die konteks van ander vorms van evaluering soos opdragte, tesisse, verslae en publikasies.

Die beleid van die Universiteit is dat **geen** vorm van akademiese oneerlikheid verdra sal word nie en indien enige sodanige optrede aangemeld of waargeneem word en die oortreder skuldig bevind word, sal hy of sy ingevolge die Universiteit se dissiplinêre beleide, reëls en prosedures gestraf kan word.

Vir die NWU-skakel oor plagiaat, gaan na:
http://www.nwu.ac.za/export/sites/default/nwu/gov_man/policy/2P-2.4.3.2-academic_dishonesty_e.pdf



'n Vorm van akademiese wangedrag

Tradisioneel word plagiaat omskryf as die neem van woorde, beelde, idees, ens. van 'n skrywer en die aanbieding daarvan as jou eie. Dit word dikwels met frases soos "die roof van woorde", "die roof van idees", "bedrog", en "literêre diefstal" verbind. Plagiaat kan op 'n verskeidenheid maniere manifesteer en word nie tot studente se geskryfte of gepubliseerde artikels of boeke beperk nie.

Met die opkoms van die internet is dit natuurlik nie net gedrukte werk wat gebruik kan word nie. *Die knip en plak vanaf webblaaie word in hoër onderwys op sigself as plagiaat beskou indien die webblaaie nie behoorlik erken en aangehaal word nie.*

die oorneem van idees, metodes of geskrewe woorde van 'n ander sonder erkenning daarvan en met die doel dat dit as die werk van die bedrieër beskou moet word.

Vertaalde definisie van *American Association of University Professors (September/Okttober, 1989)*.

Maar wat daarvan as groot stukke werk gekopieer word, aanhalingstekens gebruik word en al die stukke akkurate verwysings kry, en dit met die student se eie menings gekoppel word?

Op die vlak van hoër onderwys word daar van jou verwag om jou **eie** stem en menings te ontwikkel en op ander mense se werk voort te bou, eerder as om daaragter te skuil. Dit sou dus as swak akademiese praktyk beskou word, maar nie as plagiaat nie.

“Maar dit was nie my be- doeling nie. . .”

Wat die bron van die materiaal of die beoogde uitkoms ook al is, plagiaat is kullery en onaanvaarbaar. Plagiaat is die woord wat toegewys word aan 'n spesifieke soort akademiese oneerlikheid – om voor te gee dat iemand anders se werk, idees of woorde jou eie is. Dit kan soms onopsetlik wees, veral wanneer jou vorige onderwyservaring dalk aktief 'n benadering tot kursuswerk aangemoedig het wat daarop konsentreer om materiaal aan die hand van buite-bronne saam te stel.

Dit is belangrik dat jy moet verstaan dat opset nie 'n rol in die definisie van plagiaat speel nie. Dit is dus NIE 'n verskoning dat jy nie BEDOEL het om dit te doen, of nie GEWEET het jy doen dit nie – en nou dat jy hierdie stuk gelees het, weet jy wat plagiaat is.

Plagiaat kan die vorm aanneem van die herhaling van iemand anders se woorde, of selfs die aanbied van iemand anders se gedagtegang asof dit jou eie is. Kortom, om plagiaat te pleeg, is om die indruk te skep dat jy iets geskryf of gedink het wat jy in werklikheid by iemand anders geleen het. Hoewel 'n skrywer ander mense se woorde en gedagtes kan gebruik, moet dit as sodanig **erken** word.

(Vertaling uit *Modern Languages Association (1977) Hand-book for writers of research papers, theses and dissertations* New York: MLA 5)

Die skrywer erken met dank die werk van die UK Centre for legal education, Pauline Ridley, University of Brighton, en die Universiteit van Pretoria se Plagiarism Prevention Policy oor die onderwerp van akademiese plagiaat.

Verdere leiding en hulp

Die doel van hierdie riglyne is om basiese algemene inligting oor die aard van plagiaat te verskaf en bewustheid te skep. Dosente kan verdere leiding oor behoorlike verwysings van gepubliseerde werke en webwerwe verskaf, asook oor enige ander vakspesifieke konvensies in hulle dissipline.

Daar is ook 'n magdom advies beskikbaar in die biblioteek en op die internet om jou te help om die beginsels van behoorlike verwysings te begryp, en dit toe te pas.



Die sleutel om plagiaat te vermy

Bly ingelig! Jy wil nie van plagiaat beskuldig word nie, dus:

- Leer hoe om in die styl van jou dissipline te skryf. Jou skryfwerk moet **jou** skryfwerk wees.
- Leer om krities en onafhanklik te dink. Lesers stel in **jou** begrip van 'n idee belang. Skryf is 'n waardevolle oefening wat jou vermoë toets om 'n onderwerp te verduidelik. Dit is 'n belangrike deel van leer.
- Gee altyd die nodige erkenning vir verwysings wat gebruik word. Enige eties verantwoordelike skrywer erken **altyd** die bydraes van ander en die bron van sy/haar idees.
- Enige verbatim teks van 'n ander skrywer wat gebruik word, **moet** tussen aanhalingstekens geplaas en akkuraat aangehaal word.
- Erken altyd elke bron wat jy in jou skryfwerk gebruik, of jy dit parafraseer, opsom, of tussen aanhalingstekens plaas.
- Wanneer jy ander se werk parafraseer en/of opsom, gee die presiese betekenis van die ander skrywer se idees of feite in jou eie woorde en sinstruktuur weer.
- Verantwoordelike skrywers het 'n etiese verantwoordelikheid teenoor lesers en die skrywers van wie hulle leen om ander se idees en woorde te respekteer en erkenning te gee aan diegene van wie hulle leen – en om waar moontlik hulle **eie** woorde te gebruik wanneer hulle parafraseer.

Wees slim!

Maak seker dat jy die definisie van plagiaat ten volle begryp en dat jy vertrou is met beleide en regulasies wat op plagiaat betrekking het. Hoewel plagiaat 'n ernstige akademiese oortreding is, is jy op die regte spoor as jy duidelik, versigtig en eerlik is. Moenie dat vrees vir plagiaat voorkom dat jy die ryk hulpbronne wat beskikbaar is ten volle benut nie.

Turnitin.com en *Research Resources* verskaf 'n kontrolelys om plagiaat te vermy.* Gaan kyk by

http://www.plagiarism.org/resources/documentation/plagiarism/learning/preventing_plagiarism_students.doc

Die kern van die akademiese lewe is om te leer hoe om beskikbare werk behoorlik en verantwoordelik te gebruik om jou **eie** begrip van 'n onderwerp te ontwikkel. Die lees van goeie akademiese werk behoort jou ook nuttige voorbeelde en modelle van goeie praktyk te gee. Jy moet aktief soek na maniere waarop dit jou kan help om jou **eie** skryfwerk te verbeter.

'n Laaste woord: as jy twyfel, **vra!**

* Turnitin laat toe dat hierdie dokument gratis versprei en vir gebruik sonder 'n winsoogmerk in opvoedkundige omgewings aangewend word.